## Suksesvolle aanlyn leer

As jy nie daaraan gewoond is nie, kan aanlyn leer jou voor unieke uitdagings te staan bring. Maar as jy vaardighede vir doeltreffende aanlyn leer ontwikkel en toepas, sal jy ervaar dat die aanlyn omgewing ’n voortreflike ander opsie vir persoonlike onderrig en leer bied.

Aanlyn leer verg die onafhanklikheid, innerlike dryfkrag, verantwoordelikheid en vlak van volwassenheid wat van universiteitstudente verwag kan word. As jy sukses wil behaal, moet jy self verantwoordelikheid vir jou leer aanvaar, goeie studiegewoontes aankweek, tegniese probleme uitstryk, hulp soek wanneer jy dit nodig kry, elke dag aan elke module werk en jou nie deur uitdagings laat afskrik nie. Kortom, jy moet veerkrag hê.

## Punte om in gedagte te hou

1. Aanlyn leer verg ewe veel tyd en energie as leer in ’n omgewing van persoonlike kontak, indien nie meer nie.
2. Selfdissipline is die grondslag van sukses. Jy moet met jou werk gaan sit en jou voorneem, “Ek gaan nou hieraan werk,” en dan die toewyding aan die dag lê om dit deur te voer. Jy kan buigsaam wees oor wanneer en hoe jy werk, maar om uit te stel, is om teen jouself te werk. Jy moet “aanmeld”.
3. Jy moet jou tyd doeltreffend bestuur. Die buigsaamheid van aanlyn leer bring ook die versoeking om uit te stel. Dit is noodsaaklik dat jy by ’n studierooster hou sonder om op herinnerings van jou dosente af staat te maak voordat jy by jou akademiese werk uitkom. Die plig lê by jou om te sorg dat jy genoeg tyd uitgesit het om jou werk betyds af te handel en in te lewer.
4. Maak seker dat jou leermateriaal goed georganiseer is. Gee dokumente en lêers duidelike name, sodat jy nie tyd daarop verspil om rond te soek na notas of dokumente nie. Organisering behels ook om elektroniese en hardekopienotas te liasseer en opsommings te maak.
5. Daar gaan allerhande dinge wees wat jou aandag kan aftrek en jou studies maklik kan laat ontspoor – vanaf sosiale media tot aanlyn flieks, selfs die groeiende stapel skottelgoed. Onttrek jou sover moontlik daaraan, sodat dit nie met jou rooster inmeng nie.
6. Vestig ’n roetine, en rig ’n spesiale leerruimte vir jouself in as dit moontlik is.
7. Gee gereeld aan al jou modules aandag. As jy voel dat jy agter raak, klop aan om hulp.
8. Neem aktief deel. Dit verbeter nie net jou eie leerervaring nie, maar keer ook dat jy afgesonder voel.
9. Jy sal die meeste by jou aanlyn klasse baat as jy georganiseerd en proaktief is, en jou sterk en swak punte voor oë hou – selfs wanneer dit voel of die lewe rondom jou effens chaoties is.

## Gee jouself ’n hupstoot

1. Werk saam met ’n klasmaat of kry ’n vriend(in) as spanmaat om jou verantwoordbaar te hou.
2. Hê ’n openlike gesprek met jou gesin, huismaats of mense by wie jy woon. Skets vir hulle jou situasie en vra dat hulle jou ondersteun.
3. Die vaardighede vir doeltreffende tydbestuur moet aangeleer word; dit verg tyd en moeite om hierdie goeie gewoontes te ontwikkel. Jy kan jou tydbestuursvaardighede op die volgende maniere toepas en slyp: teken belangrike datums aan, stel ’n weekplan op, werk volgens ’n daaglikse skedule wat soortgelyk aan jou aflyn rooster is, stel alarms vir jouself en sit blokke in jou dag eenkant vir studietyd. Hou by hierdie maatreëls.
4. Ken jouself. Almal leer nie op dieselfde manier nie. Dink dus na oor die soort inligting wat jou die beste help om nuwe begrippe te snap, en ontwikkel vir jou studiestrategieë daarvolgens.
5. Pas jouself op, wees goed vir jouself en ander, en behou balans in jou lewe.

Aanlyn leer bring eiesoortige uitdagings, wat ook volgens jou besondere omstandighede kan verskil. As jy op hierdie fokuspunte ingestel bly, selfs wanneer omstandighede glad nie ideaal is nie, kan dit jou help om sukses te behaal. Alles van die beste met jou studies!

Akademiese steun: studiesukses@sun.ac.za | **Skryfhulp:** http://www0.sun.ac.za/taalsentrum/

Opgestel deur die SENTRUM VIR ONDERRIG EN LEER, met behulp van 8 STRATEGIES FOR GETTING THE MOST OUT OF AN ONLINE CLASS, gepubliseer op 4 Februarie 2019 deur Northeastern University. Beskikbaar by https://www.northeastern.edu/graduate/blog/tips-for-taking-online-classes/. Toegang verkry op 22/4/2020.